# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332
**Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers
**Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 10 Julie 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Pieter van der Walt**

**Tema: God keer die orde om.**

Ons Here Jesus belowe in hierdie gelese gedeelte die saligheid nie aan beroemdes, nobelpryswenners of wêreldrekordhouers by Olimpiese speles nie, maar aan armes van gees, treurendes, sagmoediges en die wat beledig en vervolg word.

Hy keer die orde om. In sy Bergpredikasie buig Hy af na diegene met wie die wêreld nie reken nie en sê, hulle sal die koninkryk van die hemel beërwe. Jesus verkondig ‘n nuwe teologie.

**Lofsang vooraf**
Lied 231:1, 3, 4

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps 45-1:1, 2, 10, 16 (Tweede melodie); Votum; Seën; Loflied: Ps 98-2:1, 2; Geloofsbelydenis: 12 Artikels; Sing Sb 12-3:1, 2

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing: Eksodus 20; Sing Lied 203:1, 3; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Matteus 5:1-12
Teksvers: Matteus 5:3
Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing Sb 11-2:1; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

**GEEN AANDEREDIENS**

**MEELEWING**

- Ons bid vir al ons lidmate wat met vakansie op reis is dat die Here hulle veilig op die paaie sal bewaar.
- Ons dink ook steeds aan lidmate wat in die afgelope tyd van geliefdes afskeid moes neem, dat die Here troos en berusting sal gee.
- Ons bid ook vir sovele lidmate wat tuis siek en swak is en wat worstel met beproewinge en ons dank die Here waar Hy beterskap en gesondheid geskenk het.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee en Bettie Niemand.

**BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK**

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Geen kleuterbediening
Geen katkisasie
Geen aanddiens

**Dinsdag**
17:00 Eiendomme-diensgroep vergader

**Donderdag**
17:15 “Griefshare”- Carina

**Saterdag**
08:00 1ste Kersmarkkeuring

**AFKONDIGINGS**

- Beide liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en vir die Teol. Skool bib. fonds (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure weer vir TOPIA.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 4 en 5.

**VERJAARSDAE**

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 10 Julie**
Sr Jeanette Kruger

**Maandag, 11 Julie**
Jsr Amelie Kruger
Jsr Carli Kruger
Br Barend Pretorius
Sr Cornelia Schreck

**Woensdag, 13 Julie**
Br Deon Forster
Br Hans Malan *

**Donderdag, 14 Julie**
Sr Heleen Geldenhuys

**Vrydag, 15 Julie**
Br Turner Bezuidenhout
Jbr D’Niël Joubert

**Saterdag, 16 Julie**
Jsr Anzelle Bronkhorst
Br Hans Leijenaar *

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

**BAIE DANKIE**

Hiermee ons dank en waardering vir elke boodskap, oproep, besoek en gebed gedurende hierdie hartseer tyd van Izak se siekbed en afsterwe. Ons het werklik die dienende en vertroostende liefde van Jesus beleef in ons gemeente se meelewing. Besondere dank ook aan almal wat die roudiens op Uitschot bygewoon het, ons waardeer dit opreg. Ds Daan en Ds Piet…daar is geen woorde nie! Baie, baie, baie dankie. Ds Piet, graag wil ons spesifiek dankie sê vir die vertroosende bediening uit die Woord, op Sondag 26 Junie sowel as tydens die roudiens.
Tannie Delene en kinders, kleinkinders en agterkleinkinders.

**GKSA-NUUS**

### Dit is weer tyd vir Wwesskamp!

Wwesskamp is ‘n kamp vir werkende wesens en senior studente. As jy ‘n jongwerkende is, kan jy maar besluit of jy jonk genoeg is en as jy ‘n student is kan jy maar besluit of jy senior genoeg is. 😉

Ons kamp by BergVenture in die sentrale Drakensberg. Kom beleef die asemrowende

uitsig en beleef die grootheid van God in die rustigheid en natuurskoon van die berge. Ons skep tye vir stilword, saam medegelowiges bid en Bybelstudie doen, 'n paar tema besprekings, maar ook baie af tyd om die aktiwiteite en die natuur van die berge te geniet. Ons wil saam groei, vriende maak en veral baie rus!
Tema: Wie mag opklim teen die berg van die Here (Psalm 24:3)
Datum: 6-9 Augustus 2022
Plek: BergVenture (Sentrale Drakensberg)
Koste: R 1300pp (Sluit 3 nagte se verblyf en 6 etes in)
Volg hierdie skakel om in te skryf: https://forms.gle/pTkPdDiqW6C54FYJ9

Kontak my gerus vir navrae
Jacques Tredoux
jacques@gkbrooklyn.org.za
084 049 6216

**Beroep ontvang**

• Proponent Mduduzi Mahlangu na GK Idwala Lensindiso in Enkumane, Richmond, KwaZulu Natal

**Beroep bedank**

• Ds GD Oosthuizen (Orrie) van GK Vaalharts na GK Bothaville

**Emeritering**

Ds NN (Norman) Ligege, van GK De Hoop, het op 2 Julie 2022 sy afskeidspreek gelewer. Ds Ligege is op 1 September 1979 in sy eerste gemeente te Sannieshof bevestig waar hy vir 10 jaar predikant was. Van 1989 tot 1996 was ds Ligege werksaam by die SAUK waarna hy die beroep na GK De Hoop aanvaar en predikant was tot met sy emeritering.

## KENNISGEWINGBORD

- GK Kameeldrif Damesoggend
- Uitnodiging na vrouedag: NG Die Bult
- GK Cachet - benodig sitkamerstel

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Naomi Pretorius en groep 3, Erika Rood en groep 11, Marna Naudé en groep 19, asook Anelle Venter en groep 29.

## BLIKKIES-WARMHARTE EN SUSTERSBYDRAE



- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK

